N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 24

12 Junie 2022

Die Wonder van die Christelike lewe.

Christus in my is die bron van krag wat die Christelike lewe moontlik maak. Slegs een Persoon in die hele geskiedenis van die mensdom het ooit die Christelike lewe geleef. Sy Naam was Jesus. Slegs een Persoon in die hele geskiedenis het vandag nog die vermoë om die Christelike lewe te leef. Sy Naam is nog steeds Jesus. Die wonder van die Christelike lewe is gebaseer op die verbasende en wonderlike feit dat Jesus gekies het om Sy lewe deur ons te leef! Hy het gekom om in my wese te woon en in en deur my persoonlikheid te werk. Ek kan nie, maar Hy kan! Dit is die geheim van 'n doeltreffende en vrugbare geestelike lewe.

Laat hom wat wil roem, daarin roem
dat hy insig het en My ken.
Ek is die Here.
Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde,
want dit is wat Ek wil hê, sê die Here.
Jer 4:24

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen
medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was
immers in elke opsig net soos ons aan versoeking
onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.
Hebr 4:15

Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel,
loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand
om te verslind.
1 Petrus 5:8

Dankie!

- **Vir die lewe van Christus in en deur ons!**
- **Dat ons 'n Ewige Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het!**
- **Vir God se wonderbare liefde vir sondaar mense en nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie!**
- **Dat Hy ons die Heilige Gees gegee het as ons Helper!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan en Belinda Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl in hospitaal _ vir genesing en herstel.
- David Huxham se pa – vir nabyheid van die Here.
- Eli van Rensburg – vir genesing.

Ons innige meegevoel met die kinders, familie en vriende met die afsterwe van Serge Deguay.
.

Gedagte vir die week:

U het hulle ‘n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer. (Openbaring5:10)

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org